

Sondag 18 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 9:1-9

Fokusgedeelte: Hosea 9:7, 8

Verskriklike sonde. Verskriklike oordele.

Verskriklike groot genade!

Die volk was ontrou aan God. Hulle het afgode gedien en onsedelikheid gepleeg om so groter oeste te probeer kry. Hulle het in verskriklike sondes volhard (:1). Daarom het die Here verskriklike oordele oor hulle uitgespreek (:2-7).

Maar steeds is die Here se genade verskriklik groot oor sy kinders. Hy gee nooit sy kinders prys nie. Daarom stuur die Here sy profeet om die volk te vermaan. Ten spyte van hulle sonde hou die Here nie op om met hulle te praat nie. Hulle is dan sy kinders!

Steeds wou die volk nie hoor nie. Hulle het gesê die profeet gaan soos 'n mal mens tekere (:7). Hy was egter nie waansinnig nie, maar vol van die Heilige Gees. Dit was omdat die sondes van die volk so verskriklik was en omdat hulle vyandigheid teenoor God en sy profeet en sy Woord so groot was dat die profeet so met oorgawe gepreek het. Hulle het egter probeer om die Woord kragteloos te maak deur die profeet te beswadder.

Die profeet was God se eie gesant, maar die volk tree uiters vyandiggesind teenoor hom op, selfs waar hy God se oordeel en genade in die huis van die Here verkondig (:8). Daarom sê die Here dat Hy hulle sonde teen hulle gaan hou en hulle vir hulle oortredings laat boet.

Ons verdien ook dat God ons sonde teen ons sal hou en ons vir ons oortredings sal laat boet. Genadiglik hou Hy egter nie op om ook met ons te praat nie. Daarom moet ons ons nie verhard soos die volk nie, maar ons toevlug tot Jesus Christus neem vir bekering en ewige verlossing!

Sing: Psalm 86:1, 2 (1936)

Dr. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)